Wes-Kaapse Provinsiale Parlement
Western Cape Provincial Parliament
IPalamente yePhondo leNtshona Koloni

# LUG JOU MENING

## VOORLEGGINGS OOR DIE WETSONTWERP OP DIE STAATSDIENSKOMMISSIE ("PUBLIC SERVICE COMMISSION BILL") (NRVP) [W 30B–2023]

Die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se Staande Komitee oor die Premier en Grondwetlike Aangeleenthede ontvang graag skriftelike voorleggings oor die Wetsontwerp op die Staatsdienskommissie ("Public Service Commission Bill") (NRVP) [W 30B–2023] as deel van sy grondwetlike verantwoordelikhede.

### DOEL VAN DIE WETSONTWERP

**Die Wetsontwerp op die Staatsdienskommissie het ten doel om:**

- die Staatsdienskommissie ingevolge artikel 196 van die Grondwet te reguleer;
- 'n sekretariaat tot stand te bring om die Kommissie se werk te ondersteun;
- die Kommissie se onafhanklikheid en toesigrol in die staatsdiens en staatsadministrasie, insluitende munisipaliteite en staatsentiteite, te versterk;
- die Wet op die Staatsdienskommissie, 1997, te herroep; en
- gemoderniseerde bestuurstoesigraamwerke in te stel.

### UITNODIGING OM VOORLEGGINGS

**Belangstellende individue en organisasies word uitgenooi om die volgende in te dien:**

- Skriftelike voorleggings (wat jou volle naam, munisipaliteit, kontakbesonderhede en e-posadres moet insluit).
- 'n Aanduiding van belangstelling om mondelinge insette tydens verhore te lewer (indien van toepassing).

### BESONDERHEDE VIR VOORLEGGINGS

**Rig aan: Me Waseemah Kamish-Achmat, Prosedurebeampte**

- E-pos: wachmat@wcpp.gov.za
- WhatsApp: Stemnotas aan 083 462 4803
- Sperdatum: Donderdag 31 Julie 2025 om 16:00

### VERHORE

Indien genoeg belangstelling getoon word, sal die Komitee virtuele (MS Teams) of verhore in persoon skeduleer. (Geregistreerde deelnemers sal 'n skakel na die virtuele vergadering ontvang.)

'n Elektroniese afskrif van die Wetsontwerp is op die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se webtuiste by wcpp.gov.za beskikbaar of drukstukke kan by die Prosedurebeampte aangevra word.

**Uitgereik deur me B van Minnen (LPP), Voorsitter van die Staande Komitee oor die Premier en Grondwetlike Aangeleenthede, Wes-Kaapse Provinsiale Parlement.**

gear GA4043

Posbus 648, Kaapstad
8000, Suid-Afrika
www.wcpp.gov.za

PO Box 648, Cape Town
8000, South Africa
info@wcpp.gov.za

PO Box 648, Ekapa
8000, Mzantsi Afrika
+27 21 487 1600

Promoting tolerance, equity, diversity, integrity, dignity, equality, respect and justice